

Lewende Hoop

Deel 2 – Merkers

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Hoe stel jy jouself voor aan mense? Wat voel jy is dinge wat jy moet sê oor jouself? Verduidelik.

Na watter merkers/eienskappe kyk jy om te bepaal of iemand 'n Christen is? Verduidelik.

Watter merkers wat mense gebruik om te bepaal of iemand 'n Christen is, is omver gegooi gedurende die pandemie die afgelope jaar en 'n half? Hoekom dink jy het dit gebeur?

Wat beteken dit as iemand sê jou identiteit as Christen moet gebou wees op dit wat God van jou sê?

Watter invloed dink jy het dit as my identiteit as Christen gebou is op verkeerde dinge?

Wat het vir jou uitgestaan van die preek of is iets waaroor jy nog 'n bietjie moet dink?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Lees 1 Petrus 2:9-11. Watter van hierdie dinge wat Petrus noem wie ons is, staan vir jou uit? Verduidelik.

Probeer kyk hoeveel versies jy kan onthou wat iets sê oor wie jy is in Christus Jesus? Skryf hulle neer.

Hoekom is dit belangrik om te onthou wie ons is wanneer dit moeilik gaan met ons en omstandighede deurmekaar is?

Hoekom moet ons nie vergeet wat ons doel op aarde is terwyl dinge moeilik gaan of deurmekaar is?

Teenoor wie kan jy hierdie week getuig van wat God gedoen het in jou lewe? Hoe kan jy dit doen?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
